**Saterdag 20 Januarie**

| **Skrifgedeelte: Jesaja 44:6-19** | **Fokusgedeelte: Jesaja 44:6; Heidelbergse Kategismus 34:94** |
|---|---|

# Die eerste gebod moet eerste wees

Waarom staan die eerste gebod eerste? Waarom begin die Tien Gebooie met hierdie gebod? Omdat die eerste gebod so 'n sentrale en beheersende posisie in die Tien Ge-booie en in die hele godsdienstige lewe van die Christen inneem dat dit inderdaad as die belangrikste gebod beskou kan word. Dit is ook voor die handliggend: As die eerste gebod wegval of verander word, verloor al die ander gebooie hulle waarde. As die Christen toe-gelaat word om ander gode te dien, het die verbod op die maak van beelde van God, of die onderhouding van die rusdag tot sy eer, of die verbod op die misbruik van sy Naam geen betekenis meer nie.

Omgekeerd kan gesê word dat die mens die ander nege gebooie slegs sal oortree as hy nie voldoende erns met die eerste gebod maak nie. As die mens se verhouding tot God nie reg is nie, as God nie die een en al in sy lewe is nie, sal hy die gebooie van God na willekeur gehoorsaam of nie gehoorsaam nie. Die eerste gebod lê dus die grondslag vir alle godsdiens en sedelikheid. Dit is die diepste en sterkste motief vir die onderhouding van al die ander gebooie van die Here.

Die hele saak van die posisie wat die eerste gebod in die geheel van die Tien Gebooie inneem, word nog duideliker as in gedagte gehou word dat die verhouding tussen God en sy volk in die Bybel vergelyk word met 'n liefdesverhouding of 'n huweliksverhouding waar-in God die man en die kerk sy vrou is (Hos. 2; Ef. 5:22-33; Op. 21:9, 10). Omdat dit die geval is, eis God as die hemelse bruidegom sy volk, sy bruid vir Hom alleen op. Hy wil haar vir Hom alleen hê. Hy is 'n jaloerse God en Hy verwag onverdeelde trou van die kant van sy bruid. As sy ander gode dien, is sy ontrou aan Hom en maak haar skuldig aan geestelike owerspel.

Daarom proklameer God in die eerste van die Tien Gebooie oor sy bruidskerk van alle eeue: Geen ander gode voor My of naas My nie. Ek alleen is God. My alleen moet julle dien. Daarom sê Hy ook met soveel nadruk aan sy volk: “Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie” (Jes. 44:16). Hy bevestig dit ook in die Nuwe Testament deur te verklaar: “Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde” (Op. 22:13).

Deur die gebruik van die uitdrukking “ander gode” in die eerste gebod word nie geïnsi-nueer dat ander gode werklik bestaan nie. Hier word slegs verwys na die feit dat mense in hulle dwaasheid vir hulleself afgode maak en dié sogenaamde gode dan met God gelykstel of bo Hom verhef. Die Bybel leer baie duidelik dat daar net een God is en dit is die Here: “Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here” (Deut. 6:4). Daarom moet ons Hom bo alles liefhê, dien en eer.